# Die Laaste Woord

## HEMELVAART 2020



[1]My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat
Jesus gedoen en geleer het, van die begin af [2]tot op die
dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel
opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee
aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. [3]Ná sy
dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse
ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het
Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met
hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

*Handelinge 1:1-11*

4 Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy
hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie,
maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het,
soos julle van My gehoor het. 5 Johannes het wel met
water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die
Heilige Gees gedoop word.”
6 Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus
gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir
Israel weer gaan oprig?”

*Handelinge 1:1-11*

7 Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en
omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag
bepaal het nie. 8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die
Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in
Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en
tot in die uithoeke van die wêreld.” 9 Nadat Hy dit gesê
het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het
Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien
nie.

*Handelinge 1:1-11*

10 Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk,
het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan.
11 Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na
die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die
hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle
Hom na die hemel toe sien opgaan het."

*Handelinge 1:1-11*


"Famous last words"

“Haai kyk, die pennetjie kan uitrek…”

"Moenie bekommer nie, ek het iewers gelees dat bere eintlik net bessies en boomwortels eet..."


"I think there is a world market for maybe five computers ..."

*Thomas J Watson - Voorsitter van IBM 1943*



"They couldn't hit an elephant at this distance ..."


*Maj. John Sedgwick - Amerikaanse Burgeroorlog*
*net voor hy geskiet is*





# “That was a great game of golf …”


*Bing Crosby - het die volle 18 putjies gespeel*
*nadat sy dokter gesê het hy moet net 9 speel*





“Why not? After all, it belongs to him ...”

*Charlie Chaplin - op sy sterfbed na die priester gesê het:*
*"May God have mercy on your soul"*





“My God, my God!
Waarom het U My verlaat ?”

*Jesus Christus - Markus 15:33*





"Vader, in u hande gee Ek my gees oor ."

*Jesus Christus - Lukas 23:46*





# “Dit is volbring!”

*Jesus Christus - Johannes 19:30*



15Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en
verkondig die evangelie aan die hele mensdom. 16Wie tot
geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo
nie, sal veroordeel word. 17Die volgende wondertekens sal
voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bose
geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; 18met hulle
hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat
dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal
siekes die hande oplê, en dié sal gesond word."

*Markus 16:15-20*

19Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê het, is Hy in die
hemel opgeneem en het Hy aan die regterhand van God
gaan sit. 20Hulle het toe die evangelie oral gaan
verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en
hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat
daarop gevolg het.

*Markus 16:15-20*

[18]Jesus kom toe nader en sê vir hulle: **“Aan My is alle**
**mag gegee in die hemel en op die aarde**. [19]Gaan dan
na al die nasies toe en maak die mense my dissipels:
doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die
Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek
julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die
voleinding van die wêreld.”

*Matteus 28:18-20*

7 Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en
omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag
bepaal het nie. 8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die
Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in
Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en
tot in die uithoeke van die wêreld.” 9 Nadat Hy dit gesê
het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het
Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien
nie.

*Handelinge 1:7-9*

# Hemelvaart

- Jesus regeer!
- Hy stuur ons na die wêreld toe!
- Hy gee vir ons die krag!

# Die Laaste Woord

## HEMELVAART 2020



Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

*Jesus Christus — Openbaring 22:13*





# “Ja, Ek kom gou!”

*Jesus Christus — Openbaring 22:20*



# Die Laaste Woord

HEMELVAART 2020